# OVERVAAL DEXTER KLUB / CLUB

***P O Box / Posbus 6044, Westgate, 1734***
***E-pos: jsnyman@icon.co.za***
***Official newsletter; Amptelike nuusbrief***
***March / Maart 2010***

Opinions and statements in this document do not necessarily reflect those of the Club or Society
Menings en standpute in hierdie dokument reflekteer nie noodwendig die van die Klub of Genootskap nie.

## BELANGRIKE DATUMS / IMPORTANT DATES

A few important dates in 2010:
'n Paar belangrike datum in 2010:

| | |
|---|---|
| National Dexter Championships | 28 to 30 April in Bloemfontein |
| Annual Overvaal Dexter Club auction | 29 May in Pretoria |
| | |
| Nasionale Dexter Kampioenskappe | 28 tot 30 April te Bloemfontein |
| Jaarlikse Overvaal Dexter Klub veiling | 29 Mei 2010 te Pretoria |

## LEDEGELD EN LEDELYS VIR 2010!!!!

Baie dankie aan die lede wat reeds hul ledegeldvir 2010 by die algemene jaarvergadering en daarna betaal het, julle weet wie julle is – dankie vir u lojaliteit!

Dan 'n groot versoek aan al ons lede wat nog nie hulle ledegeld betaal het nie, u weet ook wie u is. Ledegeld beloop R200 per jaar. Ons benodig werklik hierdie ledegeld om advertensiekoste vir ons skoue, jaarlikse veiling, boeredae asook ander bemarkings-aksies, insluitende die nuusbrief, te dek.

Met u betaling gebruik asseblief die volgende verwysing: voorletter en van of stoetnaam. Sal u ook so vriendelik wees om betalingsbewys te faks aan (011) 675 0460.

Ons probeer om konstant die ledelys op datum te hou, ook die nuusbrief so wyd as moontlik per e-pos uit te stuur – as u van iemand weet wat nie die nuusbrief ontvang nie, skakel asseblief vir Marié by 083 607 3121.

Die klub se bankbesonderhede vir die inbetalings van u ledegelde is soos volg:

*Overvaal Dexterklub*
*FNB*
*Tjekrekening*
*Takkode: 260348*
*Rekeningnommer: 62161131538*

Create PDF files without this message by purchasing novaPDF printer (http://www.novapdf.com)

# KLUB VEILING / CLUB AUCTION 2010

Please take note of the following dates:
Ons bring asseblief die volgende datums onder u aandag:

| | |
|---|---|
| Annual Overvaal Dexter Club auction | 29 May in Pretoria |
| Closing date for entries | 31 March 2010 |
| | |
| Jaarlikse Overvaal Dexterklub veiling | 29 Mei te Pretoria |
| Sluitingsdatum vir inskrywings | 31 Maart 2010 |

*Baie dankie aan die lede wat so ver van julle laat hoor het. Hier dink ons veral aan oom Thys wat 22 vroulike diere en vier bulle te koop gaan aanbied, almal rooi!*

# Warmbad vee expo

Goeie dag Kobus,

Hoop dit gaan goed met jou en jou familie so-ook met jou boerdery. Ons aanvaar dat die Expo 'n sukses was en sekerlik 'n stap in die regte rigting. As ons as boere nie bereid is om ons eie produk te adverteer nie, sal sekerlik niemand anders dit vir ons doen nie.

Ons vra dus jou insette en terugvoer aseblief om hierdie geleentheid, ten opsigte van ons bedryf te verbeter en dalk vorentoe 'n meer profesionele aanbieding te doen, so ook byvoorbeeld vir Nampo wat maar 'n soortgelykke geleentheid is.

Namens die genootskap, baie dankie vir al jou moeite en tyd wat jy afgestaan het vir die blootstelling van ons ras by hierdie geleentheid. Baie sterkte ook met die voorbereiding van jou beeste vir die komende Nasionale Kampioenskappe. Ons sien almal met groot verwagting uit na hierdie lekker kuier- en skougeleentheid.

Weereens baie dankie, jou geesdrif en ywer is vir almal 'n voorbeeld!!

Groete!!
Piet vd Merwe

# DEXTER BOEKIE

Ons is besig om 'n Dexter boekie saam te stel, vir uitdeel by skoue, Nampo, en ander geleenthede waar ons die kans kry / voorreg het om die Dexter ras te bemark. Ons verkoop advertensie spasie teen R350 vir 'n een-kwart bladsy advertensie – laat weet asseblief vir Johan Snyman by 083 601 8472 indien jy sou belangstel om jou besigheid en / of stoet te adverteer in die inligtingsboekie.

Create PDF files without this message by purchasing novaPDF printer (http://www.novapdf.com)

# DIE ROOI BEES AGTER DIE SWART NEUS

(Bydrae deur Hein Mentz)
11 Maart 2010

Die Redakteur
Nuusbrief
Overvaal Dexter Klub

Meneer

**DIE ROOI BEES AGTER DIE SWART NEUS**

Die bydrae deur oom Manie Oberholzer in die nuusbrief van Februarie 2010 het opnuut die uniekheid van die Dexter, sy inspekteurs en beoordeellaars, telers en eienaars na vore gebring.

Dit gaan hier of 'n bees met 'n donker neus aanvaarbaar sou wees en/of dit sogenaamde "ongewenste eienskap" is wat tot afgradering en/of diskwalifikasie nagelang die geslag van die dier sou wees. Voor ek met hierdie eienskap deel laat my toe om 'n paar anomalieë oor eienskappe voor te hou.

Ons het geen probleem daarmee dat die uier van 'n koei onbeperk wit geskilder kan wees. Die wit mag verder tot agter die naeltjie strek solank dit net aan die onderkant van die dier is (beperkte sig uit die normale ooghoogte van die kritikus).

Verder het ons geen probleem dat 'n bul by die aangehegting van die testis beperkte wit mag hê nie.

By rooi diere (ek weet nie waarom swart uitgesluit word nie) word wit hare selfs in die stert klos toegelaat.

Daar is geen voorskrif of aanbeveling dat beeste van eenderse kleur, m.a.w 'n rooi bul op 'n rooi koei en 'n swart bul op 'n swart koei, in die dekkingsproses gebruik moet word nie.

Create PDF files without this message by purchasing novaPDF printer (http://www.novapdf.com)

Nou teen die agtergrond van die afwykings en toegewings hierbo bespreek, kom ons nou en maak 'n geskilpunt van 'n donker neus. Weereens grou ons 'n gat vir onsself om te argumenteer soos oom Manie in sy slot paragraaf, dat 'n donker neus by vroulikes aanvaarbaar is, met penalisasie, terwyl by bulle streng toepassing van ras standaarde geld.

Hierdie debat laat my dink aan die Afrikaner Beestelers Genootskap van etlike jare gelede. Die doelwit was toe om beeste met 'n bepaalde kop en horings te teel. Toe hulle uiteindelik daardie bees met diè kop en horings teel, was daar van die res van die bees niks oor nie. Dit in 'n ras met 'n gene poel eenhonderd maal meer as die van die Dexters.

Dit is gaaf om in teorie daardie ideale bees, suiwer rooi, suiwer swart met geen ongewenste eienskap en "bulldog" negatief te wil teel. Die praktyk en die natuur daar buite bring egter sekere realiteite na vore. 'n Rooi kalf van 'n pikswart bul en koei of 'n swart kalf by 'n rooi bul en koei, of 'n rooi kalf met 'n donker neus is die werklikheid daarbuite. As ons dan die ideale teoretiese dier wil teel kom ons begin by die wit wat toegelaat word en ons verwyder onmiddellik al hierdie diere vanaf die register en sorg dat hulle geslag word. Daarna verwyder en slag ons al die "bulldog" positiewe diere. Nou gaan net die donker neuse oorbly vir die laaste slagting. Dan het ons nou daardie ras waarna daar tans deur sommiges in teorie geteel word.

Ons het 'n lang pad gekom met die uitbou van die ras na meer as net 'n stokperdjie. Ek wil 'n beroep doen dat ons nie nou verstrengel moet raak in kleinighede maar eerder moet fokus op daardie aspekte wat die sterkpunte in die ras is. Die spreekwoord lui dat 'n arend nie vlieë vang nie.

Groete

**HEIN MENTZ**

Create PDF files without this message by purchasing novaPDF printer (http://www.novapdf.com)

RED and BLACK and DUN! That is Dexter for you!!

Create PDF files without this message by purchasing novaPDF printer (http://www.novapdf.com)